# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Laat die jongmense in spanne van twee of drie loop met hulle enkels aan mekaar gebind (soos 'n driebeenresies). Hulle moet 'n eenvoudige roete saam voltooi.

Gesels saam:

- Hoe het julle dit ervaar om aan iemand anders vasgemaak te wees?
- Wat beteken dit om nederig saam met God te loop en nie in jou eie rigting nie?

## WONDER

Verduidelik die agtergrond van die teks vir die groep.

Lees Miga 6:1-8 saam.

Gesels saam:

- Wat beteken "doen wat reg is" in jou skool of vriendekring?
- Wat beteken dit om "liefde te bewys" aan ander?
- Wat word bedoel met "nederig saam met God loop"?
- Watter een van hierdie drie is vir julle die moeilikste? Hoekom?

## WEES

Skryf die woorde "Reg", "Liefde" en "Nederig" bo-aan drie plakkate (een woorde op elke plakkaat).

Plak die plakkate op verskillende plekke in die lokaal. Dit gaan as 'n gebedstasie dien waar almal op hulle eie tyd rustig in gebed na elke plakkaat kan beweeg en daarop skryf terwyl daar aanbiddingsmusiek speel.

*Alternatief:*
Verdeel die groep in kleiner groepe. Laat elke groep een van die woorde op die plakkate bespreek en die volgende vrae daaroor beantwoord:

- Hoe lyk dit in julle lewe?
- Wat keer julle om dit te doen?
- Wat sou verander as julle dit regtig uitleef?

Laat die kleingroepe terugvoering gee aan die grootgroep.

## WEGSTUUR

Gee vir elke jongmens 'n spieëltjie of laat hulle op hulle selfoon se selfie-kamera kyk. Lees Miga 6:8 stadig vir die groep voor. Hulle kan dan stil in gebed oor die volgende vrae nadink:

- Waarin lyk jy reeds soos God vra?
- Wat sou Hy graag in jou wou verander?

Herinner die jongmense: Om nederig saam met God te loop beteken om eerlik te wees oor wie jy voor God is.